


# Gemeenskaps brief MYNuusblad

April 2025

**Orion Minerals kondig hiermee graag die positiewe voltooiing van die Definitiewe Uitvoerbaarheidstudies (DFS'e) vir beide sy Prieska Copper Zinc Mine en die Flat Mines Project (Okiep Koper Projek) aan. Die ontwikkeling van veilige, moderne, gemeganiseerde ondergrondse myne by beide terreine sal 'n belangrike rol speel in die ontsluiting van ekonomiese ontwikkeling en gemeenskapsontwikkelings geleenthede, wat albei noodsaaklik is vir die langtermyn-voorspoed van die Noord-Kaap.**

**Die voltooiing van hierdie studies is 'n belangrike mylpaal wat Orion in staat stel om sy projek finansiering strategie te bevorder, wat waarskynlik 'n kombinasie van skuld-, ekwiteite- en afname verwante befondsing sal wees. Terwyl werksgeleenthede en vaardigheidsontwikkeling sleutel prioriteite bly, sal dit eers verwesenlik word sodra die projek finansiering verseker is.**

## Prieska Copper Zinc Mine

Prieska Copper Zinc Mine (PCZM) is geposisioneer om langtermyn sosio-ekonomiese groei in die Noord-Kaap te dryf deur sorgvuldig beplande ontwikkeling wat sy gasheer gemeenskappe insluit. Deur plaaslike werkskepping en verkryging waar moontlik, infrastruktuur investering en volhoubare gemeenskapsontwikkeling te prioritiseer, verseker Orion dat die voordele van die myn veel verder strek as die lewensduur van die projek.

### Strategiese, vinnige ontwikkeling

Die projek se twee fase-ontwikkelingsplan is ontwerp om onmiddellike voordele te genereer terwyl dit langtermyn volhoubaarheid verseker. Die boonste vlak fase sal fokus op naby-oppervlak erts, toeganklik deur 'n bestaande afname, wat die eerste produksie binne 13 maande vanaf die begin van konstruksie moontlik maak. Hierdie snel benadering sal 'n vinnige ekonomiese hupstoot bied, veral deur vroeë werkskepping en sakegeleenthede.

Na die voltooiing van myn ontwatering en infrastruktuur-opgraderings, sal die Diepte-fase mynbou bedrywighede vir 'n bykomende 11 jaar verleng. Hierdie kombinasie sal volgehoue

werksgeleenthede en ekonomiese aktiwiteite oor die leeftyd van die projek verseker, wat tot voordeel van die plaaslike gemeenskap lei, regdeur die myn se bedryf.

Die projek sal aansienlike werksgeleenthede vir plaaslike inwoners in verskillende stadiums van die ontwikkeling bied. Die verwagte maksimum indiensneming syfers is:

- PCZM Bo-vlak Fase: 237 werknemers
- PCZM Diepte Fase: 975 werknemers (piek indiensneming)

Die oorvleuelings periode tussen die twee fases sal dit moontlik maak om die gemeganiseerde vaardighede wat in die Bo-Vlakke ontwikkel is, na die Dieptes oor te dra.

## Verbintenis tot plaaslike indiensneming en ekonomiese groei

Orion Minerals is ten volle daartoe verbind om te verseker dat plaaslike gemeenskappe direkte voordeel sal trek uit die Prieska Copper Zinc Mine. Die projek prioritiseer plaaslike vaardigheidsontwikkeling en werwing, om te verseker dat mense in die omliggende gebiede eerste toegang tot werksgeleenthede sal kry. Daarbenewens sal die projek plaaslike ekonomiese groei bevorder deur waar moontlik, goedere en dienste van plaaslike verskaffers te verkry.

In ooreenstemming met Orion se breër verbintenis tot ekonomiese bemagtiging, sal die maatskappy, sodra dit ten volle in werking is, daarna streef om doelwitte te bereik, van minstens 50% indiensneming, 40% kontraktering en 30% verkrygings geleenthede vir die gasheer gemeenskappe van Siyathemba en Vanwyksvlei.

Sodra PCZM in volle werking is, is die verwagte produksie:

- 22, 000 ton koper per jaar
- 65, 000 ton sink per jaar

Hierdie beduidende produksie kapasiteit sal PCZM posisioneer as een van Suid-Afrika se belangrikste basis metaal produsente, wat die streeks ekonomie verder versterk en langtermyn-ontwikkelingsgeleenthede bied.

## Verseker omgewings- en finansiële volhoubaarheid

Orion Minerals is verbind tot verantwoordelike omgewings rentmeesterskap. Die projek sluit ‘n omvattende plan vir myn ontwatering, veilige uitskot bestuur, doeltreffende watergebruik en die volhoubare rehabilitasie van versteurde gebiede in. Hierdie pogings is deel van Orion se breër verbintenis om die omgewingsimpak van die myn te minimaliseer en die langtermyn gesondheid van die omliggende ekosisteem te verseker.



Die projek toon stewige finansiële aanwysers en hierdie vooruitsig, tesame met die myn se lang lewe, sal volgehoue en volhoubare belegging in die plaaslike gemeenskap verseker.

### Gemeenskapsbetrokkenheid en toekomstige ontwikkeling

Orion is toegewyd tot die bevordering van deurlopende kommunikasie en samewerking met die plaaslike gemeenskappe. ‘n Nuwe Maatskaplike en Arbeids Plan (SLP) is ontwikkel om menslike hulpbron ontwikkelingsprogramme en plaaslike ekonomiese ontwikkelingsprojekte te bevorder, gebaseer op die gemeenskap se behoeftes en verwagtinge. Gereelde gemeenskapsbetrokkenheid sessies sal nog steeds gehou word om inwoners in te lig en betrokke te hou.

Die ontwikkeling van PCZM sal ‘n katalisator wees vir langtermyn sosiale en ekonomiese ontwikkeling in die gasheer gemeenskappe deur:

- Plaaslike opleiding en werksgeleenthede
- Plaaslike verskaffer ontwikkeling en verkryging, en die skepping van ‘n plaaslike mynbou voorsienings ketting
- Infrastruktuur verbeterings tot wedersydse voordeel van die gemeenskap en die myn in samewerking met die Siyathemba Plaaslike Munisipaliteit.

Deur saam met die plaaslike regering, gemeenskappe en besighede te werk, glo Orion dat dit moontlik sal wees om ‘n hoogs aantreklike gesinslewe omgewing in Prieska en die omliggende dorpe in die omgewing van PCZM te skep.

## Vooruitsigte

Orion Minerals is daartoe verbind om saam met plaaslike gemeenskappe, besighede en regerings vennote te werk om te verseker dat die Prieska Copper Zinc Mine, positiewe, volhoubare uitkomste vir almal betrokke te lewer. Deur strategiese ontwikkeling, plaaslike ekonomiese bemagtiging en verantwoordelike omgewings bestuur lê Orion die grondslag vir ‘n suksesvolle toekoms wat die Noord-Kaap vir geslagte lank sal bevoordeel.

# Flat Mines

**Die Flat Mines Project (FM Projek), wat deel is van Orion Minerals se Okiep Koper Projek, gaan aansienlike ekonomiese en maatskaplike voordele vir Nababeep en omliggende gemeenskappe bring. Hierdie projek sal nie net mynbou in die streek laat herleef nie, maar ook werksgeleenthede skep, infrastrukture verbeter en bydrae tot langtermyn gemeenskap belegging.**

Met ‘n beplande lewensduur van 12 jaar, word daar verwag dat die FM-projek oor hierdie tyd meer as 78, 000 ton koper sal produseer, wat sal bydra tot beide plaaslike en nasionale ekonomiese groei. Orion se visie strek egter verder as mynbou – die maatskappy is verbind tot verantwoordelike ontwikkeling, wat plaaslike gemeenskappe ondersteun, die omgewing respekteer en langtermyn volhoubaarheid bevorder.

### Verbintenis tot plaaslike indiensneming en vaardigheidsontwikkeling

Orion sal plaaslike indiensneming prioritiseer, met ‘n aspirasie doelwit van minstens 50% van werksgeleenthede wat na mense van die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit gebied gaan. Deur opleidingsprogramme en vaardigheidsontwikkeling aan te bied, beoog die projek om blywende werk te skep wat verder strek as die lewe van die myn. In plaas daarvan om nuwe akkommodasie te bou, sal die FM-projek staatmaak op bestaande behuising in Nababeep, Okiep, Carolusberg en Springbok, om te verseker dat werkers deel bly van hul gemeenskappe.

Die projek sal aansienlike werksgeleenthede vir plaaslike inwoners in verskillende stadiums van ontwikkeling bied, met die verwagte maksimum indiensneming syfer vir Flat Mines wat na verwagting 300 sal bereik. Orion is daartoe verbind om sodra dit ten volle in werking is, na die aspirasie doelwitte te streef van minstens 50% indiensneming, 40% kontraktering en 30% verkrygings geleenthede vir die Nama Khoi-gasheer gemeenskappe.

### Infrastruktuur en gemeenskap belegging

Die projek sal bydra tot die verbetering van plaaslike infrastruktuur, insluitend om die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit (NKLM) by te staan met die opknapping van die Nababeep-afvalwater behandelings werke (WWTW). Hierdie inisiatief sal nie net betroubare watervoorsiening vir die myn verseker nie, maar sal ook langdurige omgewingskwessies aanspreek, wat tot voordeel van die hele gemeenskap sal wees.

Daarbenewens het Orion gekies om elektrisiteit deur NKLM te verkry, wat die projek sal bevoordeel in terme van die vroeë beskikbaarheid van konstruksie krag vanaf die netwerk met besparings in kapitaal vereistes. Die NKLM sal verhoogde inkomste en winste uit elektrisiteit verkope sien wat sal bydra tot die finansiële gesondheid van die NKLM, terwyl opsies vir hernubare energievoorsiening op die langer termyn ondersoek sal word.

### Veiligheid en omgewings verantwoordelikheid

Die gesondheid en veiligheid van werknemers en die breër gemeenskap is 'n kern prioriteit. Die Mynveiligheid bestuurstelsel (MSMS) sal 'n veilige werksomgewing verseker, voordat myn aktiwiteite begin, met opgeleide veiligheidsbeamptes en nooddienste in plek. Orion is ook daartoe verbind om die omgewingsimpak van die projek te minimaliseer deur voorheen versteurde gebiede vir infrastruktuurontwikkeling te hergebruik en plaaslike waterbestuur te verbeter.

## Vooruitsigte

Die Flat Mines projek sal 'n beskeie skaal begin projek wees wat sal funksioneer terwyl bykomende eksplorasie boorwerk op omliggende afsettings onderneem sal word. Die Flat Mines-konsentrator aanleg en myn infrastruktuur sal die kern word van groei- en uitbreidingsplanne in die distrik, met die strewe om die behandeling van erts wat van verskeie satelliet neerslae vervoer word en produksie tot historiese vlakke te herstel.

Deur deurlopende gemeenskapsbetrokkenheid, belegging in die plaaslike infrastruktuur en 'n sterk verbintenis tot verantwoordelike mynbou, is die FM-projek gereed om die eerste stap te word om langtermyn voordele vir die Nama Khoi-gebied en sy mense te lewer. Orion bly toegewyd om saam met gemeenskapslede te werk, om te verseker dat die geleenthede wat deur hierdie projek geskep word, veel verder te strek as die myn self.

